

# Sluit 2022 af met jou oë op die toekoms gerig

Deur Willie Jacobs, HUB, Aartappels SA

Nou ja, hierdie jaar is weereens 'n bewys van hoe vinnig tyd verbyvlieg. Net nou die dag het JF van der Merwe, uittredende voorsitter van Aartappels SA, ons as produsente gevra om die 2021-kongres uit te stel weens die risiko dat Covid-19 ons sou verhoed om in persoon bymekaar te kom. En nou is die 2022 Moerkwekersforum en Aartappels SA-kongres, met 'n geregistreerde deelnemersgetal van 378, reeds verby.

Dit is dan ook die rede vir die tema '2050' want ek glo, sonder dat ons dit besef, dat 2050 net om die draai is. Diegene wat by die forum en kongres teenwoordig was en fyn geluister het, sal weet: Nie een van die konsepte wat oor die twee dae bespreek was, is nog nie alreeds iewers getoets of geïmplementeer nie.

## Wat beteken dit vir die bedryf?

Ongeag of ons dit wil glo, hanteer of ignoreer – tegnologie bring die toekoms uiters vinnig nader. Dit waaroor ons vandag bespiegel, is more 'n realiteit. Dit beweeg teen 'n verbysterende tempo deur droom, idee, konsep, prototipe en finale produk om uiteindelik markgereed te wees. Ons gaan binnekort tye beleef waar nie alle nuwe konsepte eens tot volvoering gebring sal kan word, vóór daar reeds meer moderne inisiatiewe bekendgestel word nie.

Wat 'n wonderlike tyd om in die landboubedryf te wees. Die pyplyn van tegnologiese produkte wat reeds in wording is, is opwindend. Die beste hiervan is natuurlik dat 'n klomp van hierdie produkte en dienste byna gratis verskaf sal kan word, gegewe die getalle verbruikers wat nut daaruit sal kan kry.

> Ongeag of ons dit wil glo, hanteer of ignoreer – tegnologie bring die toekoms uiters vinnig nader.

Dit was 'n groot voorreg om die Bayer Moerkweker van die Jaar asook die Syngenta Nasionale Aartappelboer van die Jaar saam by die kongres en forum te kon vier, en skouers met soveel van ons produsente en verskaffers te kon skuur.

## Nuwe era van leierskap

Dit lui dan ook 'n nuwe era in met 'n nuwe leierspan en raadslede. Welkom aan Gert Bester en André Coetzee as onderskeidelik voorsitter en ondervoorsitter van die Aartappels SA-raad, asook die nuwe direkteure wat aangewys is. Ons sal vorentoe meer klem lê op die nuwe gesigte op die raad en ons leierspan verder aan almal bekendstel. Dankie aan al die manne wat die tuie neergelê het vir julle onbaatsugtige diens aan die organisasie.

Met hierdie nuwe groep aan die stuur het ons ook duidelike uitdagings wat ons sal moet trotseer, maar ek het volle vertroue dat hulle ons die nodige leiding hierin sal kan gee.

Die stof het egter nog nie gaan lê nie en die oorproduksie van Limpopo, die versengende hitte en die voortslepende beurtkrag neem reeds voorbladnuus oor. Die geleentheid wat hierdie situasies ontbloot het, skep darem weer nuwe positiewe uitdagings vir die bedryf.

Die feit dat daar 'n groter vraag na geprosesseerde aartappels is en 'n afset hiervoor is, sal die deure oopmaak vir projekte wat die bedryf vorentoe kan neem. As ons 'n paar ton aartappels in oorproduksietye kan 'parkeer' om dit later weer beskikbaar te stel, of op alternatiewe markte te plaas, skep ons weer 'n geleentheid vir aartappelproduksie om uit te brei en waarde by te kry. Hou die toekoms van die aartappelbedryf fyn dop ...

Mondstuk van die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf • Mouthpiece of the South African potato industry

# CHIPS

VOL 36 NO 6 • NOVEMBER / DECEMBER 2022



## SANDSPLEET, SPLEETSKURF OF ANDER OORSAKE: OORSIG VAN AARTAPPELKRAKE

## SANDVELD KULTIVARPROEF ONDER BESPROEIING OP AURORA IN 2021/22

Improving diversity in potato plantings

Use of lime in soil: Acidity is no longer visible

Reviewed and updated ARC irrigation manual